

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
17 Augustus 1980

Onderwerp: Selfverwesenliking slegs deur
Godsvrug

Lees: 1 Timótheüs 4 verse 6 tot 10
1 Korinthiërs 9 verse 23 tot 27

Teks: Bogenoemde Skrifgedeeltes

Sing: Gesang 33 verse 1 en 4
Gesang 194 vers 5

“Net ’n gemotiveerde mens maak ’n sukses van sy lewe. Daar moet iets wees wat jou dryf of aanvuur. ’n Doel wat vir jou van waarde is, verg ’n bereidwilligheid van jou hart om alle vermoëns in te span om daardie doel te bereik.

“Dit is waar baie mense uitsak, want sonder motivering word die lewe sinloos en vol frustrasies. Ja, net gemotiveerde mense ken die dryfkrag tot sukses. En as dit ’n algemene beginsel is, hoeveel te meer nie in die Christelike lewe nie.

“Daarom spoor Paulus die jong Timótheüs aan om homself te oefen in die Godsaligheid. Dit wil sê in ’n lewe wat uit en aan God toegewy is: So ‘sal jy ’n goeie dienaar van Jesus Christus wees.’ (1 Tim 4:6) Anders gestel, die motivering wat Timótheüs sou aanvuur tot die dissipline van ’n heilige en Godvrugtige lewe, is Jesus Christus self.

“Broers en Susters, Paulus sien die suksesvolle Christelike lewe dus as ’n lewe wat Jesus Christus gemotiveerd en gesentreerd is. En dit, Broers en Susters, is presies die eis wat Jesus Christus só dikwels aan sy volgelinge gestel het. Ja, lewe in diens van Jesus Christus is onmoontik tensy dit in Jesus Christus gemotiveerd is.

“Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maak elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind.’ (Matt 16:25)

“En dit is die gesindheid wat ons so aangrypend by Paulus gevind het. Sy motivering was Jesus - nie om ’n suksesvolle, of populêre of goedbetaalde persoon te wees nie - maar ’n goeie dienaar van Jesus Christus. In hierdie strewe het hy selfs sy eie lewe nie dierbaar geag

nie. Nee, vir hom was die lewe Christus en die sterwe wins.

“Broers en Susters, dit is al wat by God tel, naamlik dat u en my lewe op Jesus Christus gerig sal wees.

“Maar Broers en Susters, om net gemotiveerd te wees, is nie genoeg nie. ’n Misdadiger kan ook gemotiveerd wees. Nee, Broers en Susters, die regte motivering moet vir my daaruit bestaan om die doel waarvoor ek as mens geskape is, na te streef, naamlik om eiendom van God te wees.

“Die Verlore Seun van Lukas 15 vind homself en sy realisering eers toe hy in die hoop op sy herstel, homself weer as seun van sy vader gesien het. Sy lewe by die varke was ’n lewe sonder doel en betekenis.

“Die regte motief vir ons lewe, Broers en Susters, lê dus daarin dat ons geskape is om mens van God te wees. As mens wat na die beeld van God geskape is, moet ons lewens tot God gerig wees en is ons lewens vir Hom alleen bedoel.

“Wie dus vra na die sin van die lewe, word gedwing om ook te vra na die oorsprong van sy lewe en daarom na God. Wie homself los van God soek, is besig om die sin van die lewe te verloor.

“Soos die Verlore Seun kom elke mens eers tot homself daardie oomblik as hy na God terugkeer. In die arms van die liefdevolle Vader vind mens jouself. Was u al daar?

“Wie kan ontken, Broers en Susters, dat hierdie die wortel-oorsaak is van die geestelike slapheid en agteruitgang van ons dag?

“In hoeveel van ons lewens gaan dit om onself, ons eie gemak en gerief, ensovoorts, en nie om Christus Jesus nie?

“Die soeke na die Koninkryk van God is vir baie mense nie meer dié prioriteit nie - maar al die ander dinge. Daarvoor is daar tyd, plek, kragte, geld en geleentheid.

“Nou kan u ook verstaan waarom Jesus so dikwels aan sy dissipels gesê het: ‘As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg.’ (Luk 9:23) ‘Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug.’ (Joh 12:24)

“Hier het ons dan ook die rede waarom ons geestelike lewe dikwels so koud en oppervlakkig is - omdat ons motivering vleeslik is. Dit gaan om onself en nie om Jesus Christus nie.

“Nou is dit so, Broers en Susters, dat namate ons sterwe aan onself, in dié mate word Christus Jesus vir ons die motivering van ons lewe.

“Dit kom nie vanself in ons lewe nie. Nee, dit is ’n kwessie van aflê en doen. Die aflê van die ou sondige orde van lewe - die gevalle vlees in al sy begeerlikhede; en die opneem van ’n totale nuwe lewensorde om vir Jesus te lewe. Daar kan niks meer drasties met ’n mens se lewe gebeur as juis dit nie, naamlik die wegsterwe van my ou sondige lewe, sodat Christus Jesus in my lewe alles kan oorneem en my lewe word. (Gal 2:20)

“Hierdie nuwe lewe, Broers en Susters, sê Paulus, kom nie tot stand sonder intense oefening nie. Nee, elkeen sal moet oefen om deur die geloof te lewe.

“Dit is nogal moontlik om in die geloof te begin, maar later oor te slaan tot eie inspanning. Hiervoor moet Paulus die onverstandige Galasiërs voor stok kry: ‘Dit alleen wil ek van julle weet: het julle die Gees ontvang uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof? Is julle so onverstandig? Nadat julle met die Gees begin het, eindig julle nou met die vlees?’ (Gal 3:2-3) [Hulle het Jesus Christus se verlossing deur genade verloën, deur wettiese gebruike af te dwing - soos besnydenis - asof die nakoming daarvan nodig was vir verlossing.]

“Die mens vind dit makliker om uit eie pogings en in eie krag voort te sukkel, as om uit die volmaakte verlossing van Jesus Christus te lewe. Daarom wil die mens soos die veroordeelde Galasiërs altyd iets van homself by Jesus Christus voeg, om daarmee op sy eie prestasie te roem. Soos dit in daardie tyd was - besnydenis as aanvulling van Jesus Christus se verlossing - so ook deur die eeue heen: wat jy op die Sabbat mag doen en nie mag doen nie, die hoeveelheid water wat by die doop gebruik moet word, of spreek in tale, en wat nie alles nie. Nie Jesus Christus alleen nie, maar Christus en Ek - meestal Ek en Christus.

“O nee, Broers en Susters, vir ’n Godsalige lewe is dit nodig om daaglik uit die geloof te lewe en om daaglik uit Jesus Christus se versoening en opstanding te put. U sien, Broers en Susters, dit bring jou in die onwankelbare posisie voor God as kind van God: veilig in sy bewaring en voorsienigheid. Alleen uit ons vaste sekerheid in Jesus Christus is daar bestendigheid in ons lewe. Dan word ’n mens se lewe soos Jesus self: gister en vandag en tot in ewigheid dieselfde.

“Met Jesus Christus in my lewe is daar rigting en koers, selfs in die donkerste tye wat oor my weg mag

toesak. Want, Broers en Susters, ons is deur Hom versoen met God vir tyd en ewigheid en onder alle omstandighede. Ons posisie voor God word nie deur onself in stand gehou nie, maar deur die Heilige Gees. Toe ons in Jesus Christus na God gevlug het - hoe swak en sondig ookal - het ons mede-erfgename geword. 'Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.' '... en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word.' (Rom 8:14, 17) En hiervan verseker die Heilige Gees ons.

"In Jesus Christus word ons een met God, ons Hoof; en is ons aanneemlik vir God nie as gevolg van ons eie prestasies nie, maar alleen deur die bloed van Jesus Christus.

"Broers en Susters, daarom moet 'n lewe wat bely dat hy aan God behoort, elke dag kan getuig van hierdie rus en vastigheid wat hy deur Christus Jesus by God gevind het.

"Hierdie rus en vastigheid wat ons in Christus Jesus gevind het, moet ook die beginsel van ons konkrete lewe wees. Daarom is ons geloof so 'n onmisbare beginsel vir 'n oorwinnende lewe.

"Paulus sê: 'Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus.' (Rom 5:1) God het ons dan nou vrygespreek omdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur onse Here Jesus Christus.

"Die geloof gee ons nie alleen deel in hierdie heerlike voorreg nie, maar dit is ook die fondament van ons geestelike gebou. Geloof verenig mens so deur die Heilige Gees met Jesus in sy opstanding, dat die krag van sy opstanding die sekuriteit verskaf waarmee ons in hierdie sondige wêreld oorwinnend en in oorfloed kan lewe. Daarom skryf Paulus van sy eie Christelike beoefening van die Godsaligheid: 'Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.' (Gal 2:20)

"Het u dit, Broers en Susters? Alleen deur die Heilige Gees wat van Jesus Christus kom, kan die Christelike lewe verwesenlik en die Koninkryk van God gebou word en die magte van die Duiwel oorwin word.

"Begryp u dit? Jesus Christus is vir ons gegee nie alleen tot versoening nie, maar met Christus Jesus in my lewe is ek ook bereid en in staat om God te dien. Hy

gee ons nie die krag en wysheid van die Christelike lewe buite Homself nie. Nee, Hyself is die krag, wysheid en Christelike deugde in ons. Daarom wie Jesus het, sal nooit weier as Hy roep tot Christelike aksie en daad in hierdie wêreld nie. Wie Jesus het, sal sê: Hier is ek, stuur my. Met Christus Jesus in my lewe word ek waarvoor God my bestem het om te wees, naamlik mens van God.

“Hoe werk hierdie waarheid in die konkrete lewe met al sy stryd, beproewings, versoekinge en lyding? Let op die woorde van Paulus: ‘sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word. (Fil 3:10) Ten opsigte van die stryd en beproewing van hierdie lewe sê Paulus, het ek Jesus Christus se opstandingskrag. Deur die geloof is hierdie krag wat Hom uit die dood opgewek het ook my krag tot oorwinning en lewe.

“Voor alles moet ek dus weet dat ek nooit in hierdie lewe vanuit eie krag kan oorwin om Christelik te lewe nie. Nee, die Christelike oorwinning en lewe is alleen moontlik in en uit Christus Jesus deur die geloof.

“Omdat dit so in die lewe van Paulus was, was geen opdrag van Jesus vir hom te veel nie en kon hy selfs in die gevangenis skrywe dat hy tot alles in staat is deur Christus was hom krag gee. (Fil 4:13)

“Dit is presies wat Johannes bedoel het toe hy geskryf het: ‘Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, *naamlik* ons geloof. Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?’ (1 Joh 5:4-5)

“Broers en Susters, dit is ons troos. Die Heiland sal ons nooit in die steek laat nie. Hy woon in ons. U moet net nie een tree waag in hierdie lewe sonder Hom nie.

“Begin elke dag met die sekerheid van die inwoning van Hom in u lewe, dan kan u aan elke Goliat op die lewenspad sê: ek kom na jou nie in my eie naam en toerusting nie, ek kom na jou in die Naam en wapenrusting van Jesus Christus. Sodoende stel u Jesus Christus, die Oorwinnaar, wat Satan op Golgota en Paassondag openlik tot skande gemaak het, teenoor die aanvaller. Om myself dus te oefen in die Godsaligheid, beteken dat ek gemotiveerd is deur Jesus Christus alleen, en dat ek toegerus is om deur geloof elke dag vanuit sy opstandingskrag te lewe. Dit beteken ’n voortdurende beleving van die inwonende

en triomferende Jesus Christus deur die werking van die Heilige Gees.

“Dit is God se doel met u en my lewe.

“Amen.”

Gebed:

“So gemaklik en so dikwels, geliefde Meester, word ons in hierdie lewe gevang en betower deur valse waardes. Ons plaas so ’n hoë premie op ons aardse voordele en winste, dat U en al U skatte eintlik in markwaarde by ons verminder en ons dit selfs verloor.

“En nooit gebeur dit sonder dat ons bankrot speel en in ellende beland nie.

“Ons wil dit met weemoed bely. Dit is juis die angste en ellende waarin die mensdom en ook ons vandag verkeer.

“Hoor dan as ons roep Onse Vader, dat U ons weer sal laat herlewe, sodat die wesenlike lewe en skatte weer ons hoogste en primêre besit sal word.

“Onderrig ons in hierdie nuwe beleving van ons onsterflike erfenis in Christus Jesus.

“So sal ons nie alleen triomfeer nie, maar sal ons ook bereid wees om in u diens te staan en ander te help om verlos te word en tot verheerliking van U Naam te lewe. Ons vra dit alles tot U verheerliking in die Naam van Christus Jesus.

“Amen.”